AfriForum

Mediaverklaring
24 Maart 2010

AfriForum eis verskoning van Malema

AfriForum se regsverteenwoordigers het pas ŉ prokureursbrief aan die ANC Jeugliga en sy president, Julius Malema, gestuur waarin geëis word dat hy verskoning maak vir sy volgehoue gebruik van die omstrede *struggle*-liedjie "*Awudubule (i)bhunu*".

Die liedjie beskryf boere en witmense as honde, lafaards, rowers en verkragters, en bevat ŉ oproep om boere en witmense te skiet.

AfriForum Jeug het reeds op 12 Maart 2010 ŉ klagte by die Johannesburgse Gelykheidshof ingedien, maar Malema en die ANC-Jeugliga gaan steeds, selfs nadat hy kennis gekry het van die regsproses, voort om die liedjie tydens openbare byeenkomste te sing.

AfriForum se regsverteenwoordiger, Willie Spies, het gesê die minagting wat deur Malema vir die regsproses getoon word, is ŉ baie ernstige saak wat met beslistheid hanteer moet word.

Indien AfriForum nie Malema se skriftelike verskoning en onderneming teen 16:00 ontvang nie, sal die Hooggeregshof in Pretoria onverwyld vir ŉ dringende interdik genader word.

Willie Spies
Regsverteenwoordiger: AfriForum